19 September 2009

VODACOM DALK EERSDAGS GOEIE KOPIE

Die rand het vandeesweek deur die belangrike vlak van R7,50 teenoor die Amerikaanse dollar gebreek om sodoende relatief op ’n volgehoue manier die meeste van die ander geldeenhede in die stof te laat byt.

Ontleders waarsku dat die sterker rand die mededingendheid van plaaslike uitvoer gaan ondermyn juis op ’n tydstip dat die internasionale vraag besig is om weer momentum op te bou.

Die positiewe sentiment oor die internasionale ekonomiese herstel is die vernaamste dryfveer vir die sterker rand, maar handelaars meen dat die wisselvallige geldeenheid ryp is vir ’n regstelling op kort termyn. Met dít agter die rug, kan die geldeenheid egter weer omswaai en verder tot by R7 teenoor die dollar verstewig.

Die rand verhandel tans op sy stewigste vlak sedert Augustus verlede jaar ondanks aanduidings dat die samesmelting tussen Suid-Afrika se MTN en Indië se Bharti Airtel nie ’n uitgemaakte saak is nie. Die transaksie sal vir die invloei van na raming $6,3 miljard sorg.

Die rand bly ook stewig ondanks die uitlating van mnr. Tito Mboweni, president van die Reserwebank, dat die verstewiging “oordrewe” is en dat ’n “terugtrekking” moontlik is.

Die bulagtige sentiment kan ook by die JSE se indeks van alle aandele waargeneem word met die indeks wat bo sy bewegende gemiddeldes in ’n opwaartse tendens verhandel. Sedert Maart se laagtepunt van 17 954 punte en die onlangse hoogtepunt van net meer as 26 000 punte, het die indeks reeds met 43,7% verstewig. Met dít het die mark reeds 46% teruggewen van die verliese wat tussen Mei en November verlede jaar gely is.

Die groot vraag is nou of daar nog geleenthede in die mark is. Die antwoord hierop is ja!

Die MTN-Bharti-samesmelting wag nou op regulatoriese toestemming van Suid-Afrika en Indië, met die Suid-Afrikaanse regering wat wonder wat die voordeel van ’n regstreekse buite- landse belegging bo die verwagte uitvloei van dividende sal wees.

Hierteenoor is daar die ander plaaslik genoteerde selfoonoperateur, Vodacom, wat ook mobielekommunikasie- en verwante dienste bied. Sy netwerk dek ’n totaal van sowat 179 miljoen mense in vyf lande – Suid-Afrika, Tanzanië, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Lesotho en Mosambiek.

Vodacom het onlangs sy eerste stel resultate, vir die boekjaar tot Maart, bekend gemaak. Dit het te midde van swak ekonomiese toestande glansloos vertoon, maar nietemin gewys dat die groep ’n uitstekende opbrengs op ekwiteit behaal, stewige kontantvloei het en gesonde winsmarges voortbring.

Die groep is by ’n snel groeiende bedryf betrokke met sy uitbreidings na die res van Afrika, waar mobiele penetrasie uiters laag is. Dit plaas hom in ’n goeie posisie vir toekomstige groei. Handelstoestande op kort termyn sal na verwagting uitdagend wees.

Vodacom verhandel tans teen ’n bewegende prys-verdienste-veelvoud van 11,5 en die aandeel kom as onderwaardeer voor relatief tot MTN en Telkom. Gegewe die bestuur se voorneme om 40% van die verdienste as dividende uit te betaal, kan die toekomstige dividend-opbrengs op sowat 4% te staan kom.

Die groep is nog net sedert Mei vanjaar genoteer. Sy aandeelprys het kort ná sy notering ’n laagtepunt van 5 200c bereik waarna ’n hoogtepunt van 5 900c in Augustus behaal is.

Die aandeel verhandel onder sy bewegende gemiddeldes en raak volgens verskeie tegniese aanwysers meer en meer oorverkoop. Dit behoort kort voor lank ’n koopgeleentheid te bied.

Namate Suid-Afrikaners voortgaan om hul besteding weens swak ekonomiese toestande in te kort, sal Vodacom aan hulle groter waarde probeer bied. Ten einde druk op groei te verlig en marges te beskerm, sal Vodacom in al sy bedrywighede op groter bedryfsdoeltreffendheid fokus om uiteindelik mededingendheid te handhaaf.

- Shaun van den Berg is hoof-tegniese ontleder by PSG Online.